

DIE OS

"A well-selected and matched team of Afrikaners with their immense horns, stepping out on a transport road is a sight not easily forgotten."

H. Sauer, *Ex Africa*

—getroue trekdier—

J. Haasbroek



Boere en transportryers op Markplein (Hoffmanplein) ongeveer 1890.

Die os is deel van die Suid-Afrikaner se kultuur. Vanaf 1653 tot 'n paar jaar gelede was die os die kragbron van die wa en ploeg — 'n regte staatmaker.

Die binneland van Suid-Afrika is deur die Voortrekker, die trekboer, die transportryer, die pionier en die avonturier met behulp van die os ontsluit. Die trekos kan inderdaad as 'n "pionier" van Suid-Afrika beskou word. Dit was hy wat die swaar waens vanaf die kus oor die Drakensberge, deur die droë Karoo en grasvelde van die Oranje-Vrystaat tot in Transvaal en selfs verder getrek het.

Daar moet besef word dat die os sy werk onder baie moeilike omstandighede verrig het. Paaiet so te sê nie bestaan nie en dikwels was daar slegs twee rye wielspore, deur 'n vorige wa gelaat, sigbaar in die gronde en gras, terwyl klippe, sand, dongas, slote, driewwe en riviere die weg verder bemoeilik het. Sonder om te

"murmureer", met slegs die horison as baken, het die os met sy vrag voortgebeur om 'n nuwe wêreld te ontdek.

In die koue van die nag onder 'n oop sterreheemel het hy gerus, met geen kometers of seil as beskerming nie. Kos is nie vir hom saamgekarwei nie en oral moes hy dit self vind. Fisies was die os sterk en gelate om sy diens te verrig, terwyl hy goed aangepas was teen die ontberings van die veld — koue, gebrek aan weiding, siektes en moeilik begaanbare weë.

Oor die romantiek van die os is daar al baie geskryf. Die verhouding wat daar tussen mens en os bestaan het, kan byna gesien word as die kameraadskap wat daar tussen 'n baas en sy hond heers. Die ervare eienaar van 'n span osse was baie aangetrokke tot hulle en hy het in die besonder na die welstand van sy diere omgesien. Elkeen is op sy naam geken en iedereen se karaktertrekke was bekend.

So het dit gebeur dat wanneer 'n transportryer by 'n hotel aandoen vir verposing hy nie uitgewei het oor sy eie ontberings en avonture nie, maar eerder oor dié van sy osse.

Die os het dus 'n onontbeerlike en onmisbare rol

in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel, nie net om die land te ontdek nie, maar ook om sy mense se lewensbestaan te verseker.

Die os, as geharde en gesoute trekdier, se gelyke is nie in Suid-Afrika te vinde nie.

HULDEBLYK AAN DIE OS

Op 2 Maart 1983 het die president van die Afrikaner-Beestelersgenootskap, mnr. D.H. van Rensburg, tydens die Afrikanerbeesdag in Bloemfontein 'n ossebeeld aan die direkteur van die Nasionale Museum, mnr. Hannes Oberholzer, oorhandig. Die beeld is deur die bekende Bloemfonteinse kunstenaar Laura Rautenbach gemaak. Die beeld is 'n huldeblyk aan die os as getroue trekdier in Suid-Afrika en sal in die Waenhuismuseum, direk agter die Eerste Raadsaal in Bloemfontein, uitgestal word. Op die foto, wat tydens die oorhandiging geneem is, verskyn van links na regs: Mnr. J.J. Duvenage (sekretaris van die Afrikaner-Beestelersgenootskap), D.H. van Rensburg, Hannes Oberholzer en mej. Laura Rautenbach.



Ossebeeld

